PLATINUM BUSHVELDER sports

# SPORT RUGGA CHUNKS

**Highlanders vs Chiefs**
Die eerste fluitjie blaas in die Forsyth Barr Stadium in Dunedin vir die *game* tussen die Highlanders en die Chiefs. Die opkoms was oorweldigend en vir die eerste keer in 'n baie lang tyd was die stadion volgepak deur 35,000 uitgehongerde, fanatiese *rugga* liefhebbers.
Die dag behoort aan die Highlanders wat 'n dramatiese oorwinning behaal met 'n eindtelling van 28-27.
Die *game* het gesukkel om aan die gang te kom deur die eentonige fluitjie van die ref. Die nuwe reël by die afbreekpunte het beide spanne duur te staan gekom. Die Highlanders moes tevrede wees met twee geel kaarte en het ook verbete gesukkel in die lynstane... Maar die dag het behoort aan die seun van Warren Gatland, afrigter van die Chiefs, wat moes toesien hoe Bryn Gatland in die doodsnikke 'n skitterende skepdoel deur die mikke jaag vir 'n oorwinning vir die Highlanders... En hoe ironies ou grote, Bryn is op die laaste nippertjie in die span ingesluit.
Vir die Chiefs het Damian McKenzie 'n goeie *game* gehad na 'n lang afwesigheid weens 'n ernstige been besering.
Die Chiefs speel volgende in Waikato teen die Blues op 20 Junie om 09:05.

**Blues vs Hurricanes**
Op 'n volgepakte Edenpark is die 42,000 *rugga* ondersteuners nie teleurgestel nie ou grote. Puik rugby word opgedis met die Blues wat 30-20 aan die wenkant was. Alhoewel Dan Carter nie opgedraf het nie, is Beauden Barrett vir die eerste keer in 'n blou *jersey* gesien.
Barrett was goed dopgehou deur sy eertydse spanmaats en het ook verrassend op heelagter die *game* begin. Hy het skaflik vertoon en het 'n aandeel gehad in die drieë wat gedruk is.
Vir die Blues het die jong losskakel Otere Black net so puik vertoon. Rieko Loane het gewys dat hy veelsydig is en het 'n groot *game* in die 13-*jersey* gespeel en kan moontlik nog in die toekoms vir die All Blacks in die posisie uitdraf.
Aan die Canes se kant was die vuurvreterhaker, Dane Coles, kookwater en het ook soos 'n wafferse vleuel langs die kantlyn genael om in die hoek oor te duik vir 'n puik drie.
In die proses het hy vir Barrett afgestamp om oor te gaan. Toe Coles opstaan was van sy spanmaats by om hom te omhels en het toe sommer baie sarkasties vir Barrett ook in die kring ingesluit. Barrett het toe maar met 'n baie verleë glimlaggie weggestap.
Op 21 Junie draf die Canes teen die Crusaders in die SKY Stadion uit wat beloof om 'n riller te wees.
**Nag ou grote...**

Northam Plaza
ABSOLUTELY. POSITIVELY. PERFECT.
Northam Plaza • Resilient
• Tel: 014 784 4719
• Email: dharty@broll.com | Broll Property Group Northam Plaza
• C/O R 510 and Swartklip Rd, Ext 6, Northam, 0360




# VLU NORTHAM-TAK DOEN HUL DEEL IN DIE VEG TEEN COVID-19

**Northam –** Die dinamiese groep vrouens van die Vroue Landbou Unie (VLU) Northam-tak het met ywer gespring om hul deel te doen in die veg teen COVID-19. Lede het hard gewerk om maskers te maak vir Laerskool Platina voor die skool op Maandag 8 Junie heropen het. Elke personeellid het 'n masker en 'n spesiale koekie ontvang om hul te bemoedig vir die taak wat voorlê.
Gedurende die nasionale inperking het VLU Northam-tak ook vergadering gehou op WhatsApp. Daar het elke lid 'n *'selfie'* gedeel om te wys sy is deel van die vergadering. Inligting van kompetisie artikels is gedeel en die lede is ook moed ingepraat om positief en gesond te bly gedurende die inperking.
**Om deel te wees van VLU Northam of vir addisionele inligting, kontak Chantell Steynberg gerus by 061 326 2724.**


Laerskool Platinum onderwysers van links: Tryphina Lesele and Thando Mafora spog met hul maskers.



Elke onderwyser het 'n koekie ontvang wat spesiaal versier is.

# HFM SE TOP PRESTEERDERS

Thabazimbi – Die leerders van Hoërskool Frikkie Meyer (HFM) het geskitter in die eerste kwartaal van 2020. Baie geluk aan die top presteerders van elke graad. HFM is trots op hulle vir hul harde werk en toegewydheid tot hul akademie.

**Graad 8**
- Qizelle Kruger - 91.13%
- Elizca Lamprecht - 87.88%
- Christelle van Dyk - 87.38%
- Carla Coetzee - 87.13%
- Johan Briel - 85.75%
- Dino Fernandes - 85.13%
- Kara Kotze - 84.75%
- Leane van der Byl - 84.50%
- Natalie de Castro - 84.00%
- Christoff Marx - 83.88%
- Reatlegile Mkhabela - 81.38%

**Graad 9**
- Izandri Joubert - 95.75%
- Ané Viljoen - 92.63%
- Juané van Deventer - 87.75%
- Mckyla Low - 87.00%
- Mieké Smit - 86.88%
- Elodie van Emmenes - 85.25%
- Marilise Visser - 84.38%
- Jorja Hamilton - 84.25%
- Anina de Swardt - 83.13%
- Sumarie Marais - 82.88%
- Ofentse Rakoo - 82.63%

**Graad 10**
- Talita de Swardt - 87.17%
- SJ van der Linde - 86.17%
- Ameij Broekhuizen - 85.83%
- Kevin Khohlooa - 85.17%
- Sabrina Teixeira Ferreira - 84.67%
- Suzaan Smit - 82.17%
- Jan Gunter Marais - 81.67%
- Cara Pieterse - 81.33%
- Tommy Swanepoel - 80.50%
- HJ Janse van Rensburg - 80.33%

**Graad 11**
- Mari Theunissen - 91.50%
- Mariska Coetzee - 88.00%
- Quinelle Blaauw - 87.50%
- Adri van Reenen - 87.17%
- Robyn le Roux - 85.83%
- Gizelle Roach - 84.67%%
- Ellen Swart - 80.83%
- Renier Grobler - 80.50%
- Tiaan Peyper - 80.17%
- Janco van der Byl - 79.67%
- Rego Motlhabane - 76.00%

**Graad 12**
- Stiaan Joubert - 92.50%
- Daniel van Zyl - 91.83%
- Ruve Blaauw - 88.33%
- Gustav Grobler - 85.33%
- Danel du Preez - 84.50%
- Cobus Marais - 84.17%
- Kayla van der Merwe - 83.17%
- Caronay Fouche - 83.17%
- Junior Mkhabela - 82.50%
- Jannique Oosthuizen - 81.67%


Stiaan Joubert het die hoogste gemiddeld in Graad 12 vir die eerste kwartaal behaal.


Daniel van Zyl spog met 'n gemiddeld van 91.83% vir die eerste kwartaal van Graad 12.

## Weather Report Limpopo Thabazimbi

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Friday | 19 | Jun | 2020 | 19°C - 3°C |
| Saturday | 20 | Jun | 2020 | 21°C - 4°C |
| Sunday | 21 | Jun | 2020 | 21°C - 3°C |
| Monday | 22 | Jun | 2020 | 22°C - 4°C |
| Tuesday | 23 | Jun | 2020 | 21°C - 4°C |

Rainfall probability (%) 0
Sunrise 06:55
17:34

At time of print

## FINANCIAL INDICATORS

| | |
|---|---|
| ZAR / USD | 17.12 |
| Rand/Pound | 21.64 |
| Rand/Euro | 19.34 |
| Rand/Aus Dollar | 11.83 |
| Dollar/Pound | 1.26 |
| Pound/Euro | 1.12 |
| GOLD | 1,728.62 |
| Platinum | 825.20 |
| Palladium | 1,958.45 |

At time of print